Graad 4 Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Naam : _____ Tyd : 45 minute

Totaal : _____ / 45

1. Lees al die vrae deeglik deur.
2. Beantwoord al die vrae op die vraestel.
3. Geniet dit!

Begripslees

Lees die storie van Wolraad Woltemade en beantwoord die vrae wat volg.

Woordbank

verhaal - story	skepe - ships
ankertoue - anchor ropes	aan boord - onboard
red - rescue	gille - screams
histeries - hysterical	bewaar - protect

besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

Wolraad Woltemade

Die verhaal van Wolraad Woltemade is 'n mooi verhaal van hoe hy en sy perd, Vonk, helde was.

Op Sondag, 30 Mei 1773, was daar 'n groot en kwaai storm in Tafelbaai, Kaapstad. Daar was vyf skepe in die hawe en die storm was so erg dat dit die ankertoue van die skip, De Jonge Thomas, laat los breek het.



Daar was 207 manne aan boord en hulle was baie bang en het gebid dat iemand hulle sou kom red. Die skip het op 'n sandbank geland en in twee gebreek.

Op 1 Junie 1773 het die Goewerneur, Van Plettenberg, soldate gestuur om die skeepswrak en die voorrade wat uitgespoel het te bewaar. Niemand het probeer om die matrose te help red nie omdat hulle self te bang was.

Intussen het Wolraad Woltemade met sy perd, genaamd Vonk, daar aangekom. Wolraad was geskok toe hy sien dat niemand eens probeer om die matrose te help red nie.

Wolraad het sewe keer op sy perd heen en weer deur die water gery om matrose te red.

Toe het Wolraad afgeklim sodat sy perd kon rus. Omdat daar steeds baie gille van die skip af gekom het, het hy besluit om nog een maal te gaan help. Op hierdie agtste keer het van die matrose histeries begin raak en aan Wolraad en sy perd probeer klou. Ongelukkig was Wolraad en sy perd, Vonk, te moeg en die gewig van al die matrose was net te veel en hulle het verdrink.

besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

Vrae

1. Waar het hierdie tragedie plaasgevind? (1)

☐ Tafelberg ☐ Durban ☐ Plettenbergbaai

2. Wanneer het die tragedie gebeur? (1)

_____

3. Wat was Wolraad Woltemade se perd se naam? (1)

_____

4. Wat het met die skip gebeur? (2)

_____

_____

_____

5. Hoeveel keer het Wolraad Woltemade terug in die see in gegaan? (1)

_____

6. Vind 'n woord in die storie wat dieselfde as **skree** beteken. (1)

_____

7. Matrose werk op 'n: (1)

☐ gebou ☐ skip ☐ plaas

8. Hoekom het Wolraad en sy perd verdrink? (2)

_____

_____

_____

_____

(10)

besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

Afdeling B: Taal

1. Skryf die volgende in die direkte rede. (5)

   a. Die matroos gil help my help my

   _____

   _____

   b. Wolraad antwoord ek kom op my perd

   _____

   _____

2. Skryf die volgende in die indirekte rede (dat) (5)

   a. Die Kaptein sê: "Ek sien 'n man op 'n perd."

   Die kaptein sê dat _____

   _____

   b. Wolraad skree: "Ek gaan vir julle help!"

   Wolraad skree _____

   _____

3. Skryf die teenoorgestelde van die volgende woorde: (5)

skoon	
oorlog	
heldin	
akteur	
manlik	

besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

4. Gee die korrekte afkorting of betekenis vir elk van die volgende. (4)

Afkorting	**Betekenis**
juf.	
bl.	
	asseblief
	ensovoorts

5. Voltooi die sinne met die intensiewe vorm van die woord tussen hakies (6)

a. Die see was (blou) _____ en die lug

(swart) _____ as gevolg van die storm.

b. Die matroos het 'n (rooi) _____ serp om sy nek.

c. Hulle uniforms was (wit) _____ voor die storm.

d. Die vlag op die skip was (groen) _____ en

(geel) _____.

6. Plaas die volgende **vanne** in alfabetiese volgorde. (5)

J. Straus	
M. Gous	
T. Roos	
G. Krause	
W. Woltemade	
N. Gous	

besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

7. Skryf die sinne in die ontkennede (negatief) vorm. (2)

   a. Al die matrose het verdrink.

      Nee, _____

   b. Wolraad het nege keer terug in die water gegaan.

      Nee, _____

8. Omkring die regte voornaamwoord. (3)

   a. Wolraad Woltemade ry op (hy/sy) perd.
   b. Die verpleegster help (haar/hy/sy) pasiënte.
   c. Die matrose het (hy/julle/hulle) skip verloor.

(35)

Groottotaal: 45

besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS